

**OESTERBAAI INWONERSVERENIGING**  
**NOTULE: VERGADERING VAN DIE BESTUURSKOMITEE GEHOU OP 19 MAART 2019 OM**  
**09:30 TE BRANDERSTRAAT, OESTERBAAI**

**TEENWOORDIG**

Walter Kurten  
Adriaan van Wyk  
Fanie Groenewald  
Lana Pepler  
Joe Meyer  
Martiens Kunneke  
Riekie Pienaar  
Hettie Jooste  
Rdl Daniel Benson

**1 OPENING & VERWELKOMING**

Walter open vergadering met gebed en heet Rdl Benson hartlik welkom.

**2 VERSKONINGS**

Otto Pepler

**3 AANVAARDING VAN VORIGE NOTULES**

1 Desember 2018: Aanvaar: AvW; Sekondeer: RP  
7 Desember 2018: Aanvaar: HJ; Sekondeer: AvW  
7 Januarie 2019: Aanvaar: MK; Sekondeer: LP  
26 Februarie 2019: Aanvaar: JM; Sekondeer: FG

**4 SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

**4.1 Omgewingsake**

Joe gee terugvoering oor die verskuiwing van sand. Die Burgermeester en die afvalbestuurskonsultant het Oesterbaai besoek. Daniel Benson en Direkteur Nomvelo het ook die konstruksieterrein besoek. Na besprekings het KM goedkeuring verleen dat die masjiene vir nog 17 ekstra dae gebruik mag word wat dus die tydperk verleng tot 19 April.

Nomvelo is verantwoordelik vir die rehabilitasieprogram en 'n opvolgvergadering sal gehou word om wat die regte plante is om te plant, te bespreek.

Die twee nuwe boorgate sal ook so gou as moontlik toegerus word om water te voorsien vir die besproeiing van die gerehabiliteerde area.

Die res van die rehabilitasieprogram is vervat in die vyfjaarplan. Daar moet begroot word vir R50 000 per jaar vir instandhoudingswerk (Nomvelo).

Skadunette sal opgerig moet word en 'n besluit sal geneem word of fondse van KM of OIV sal kom.

Joe bedank KM vir die R600 000 wat beskikbaar gemaak is om die werk te voltooi en ook aan Nomvelo vir die rehabilitasiewerk wat hulle onderneem om te doen. Joe sal nie betrokke wees by die rehab nie, maar sal dit monitor en opvolg.

Walter bedank Joe vir al sy harde werk en skenking van sy tyd en kennis.

Fanie doen navraag oor die beskikbaarheid van die fondse van die Departement Omgewingsake (R10m). Volgens Joe sal dit in April beskikbaar gestel word.

Daniel Benson bespreek die volgende punte:

- Werkskepping is 'n groot prioriteit. Die rehabilitasiewerk speel 'n rol en dit sal goed wees indien 2 mense aangestel word vir die behartiging van die rehabilitasie.
- Kouga, in samewerking met hul Duitse vennote, kyk verder na begrotings om by te dra vir die duine. Christa Venter en Billy is die mense met wie geskakel moet word.
- Daar is versoek dat bome geplant word en hy versoek dat ons ook deelneem aan die projek. Walter stel voor dat 'n gemeenskapsboomplantdag gehou word. Daniel sal graag die geleentheid wil bywoon.
- 'n Skoonmaakaksie is geloods vir die volgende 3 maande. Daar is 50 CWP werkers aan elke raadslid toegeken om te werk en skoon te maak. Die samewerking van die OIV word gevra om terugvoering gee oor die werksetiket van hierdie werkers. Adriaan skakel gereeld met die CWP werkers en spesifiek met Wendy Williams – die groep wat aan haar rapporteer is die enigste groep wat tans aktief is.
- Daar is tans 'n werkende projek geloods om die probleem met rondloperdiere aan te spreek.
- 'n Herwinningsorganisasie is aangestel om te help met die herwinning van afval. Joe sal met Billy opvolg oor die fasiliteite by die vullisoordragstasie. Lana sal vergadering met Swartbooi reël om ook die uitstaande fasiliteite te bespreek.
- **AKSIE: JOE & LANA**

#### **4.2 Watervoorsiening**

Joe rapporteer dat daar begin is met die voorbereiding vir die vervanging van die nuwe pyplyn en daar is reeds begin met die uitgrawings. Die nuwe pyplyn word bo-op die ou pyp geïnstalleer word en Joe het gereël dat sand aangery word sodat die pype op 'n sandbedding gelê kan word. Die opsigter en konsultante is knap en Otto sal die skakelwerk oorneem. Oesterbaai beskik nou oor altesaam 6 boorgate en 2 fonteine wat werk. Die 2 nuwe boorgate toets die sterkste en is nog nie gekoppel nie. Volgens Willie Botha sal hierdie boorgate direk aan die reservoir gekoppel word. Die vergroting van die opvangput (sump) en pompstasie word tans met Willie Botha bespreek, maar goedkeuring moet nog gekry word. Die asbespype moet ook nog vervang word. Hettie doen navraag oor die boorgat by die opvangput wat nie gekoppel is nie. Joe meld dat die pomp is uitgehaal en Willie is besig om die pomp te vervang.

Daniel versoek dat hy graag insae in alle waterverwante sake en probleme sal wil ontvang.

**AKSIE: JOE & OTTO**

#### **4.3 Paaie**

Joe rapporteer dat daar meer gespandeer word aan die paaie as wat aanvanklik goedgekeur is. Dit is hoofsaaklik as gevolg van skade na die reën en daar moet voorsiening gemaak word vir stormwater. Reëlings is met Willie Botha getref dat 10

vragte grond afgelewer sal word. Joe benodig nog sement, "crusher run" en arbeid om die werk te voltooi. Beraamde koste is ongeveer R10 000 en dié bedrag word goedgekeur. Joe sal met Willie opvolg oor die skraap van Umzamowethu se paaie.

**AKSIE: JOE**

Daniel doen navraag oor die beskikbaarheid van padtekens. Joe sal opvolg en ook goedkeuring kry vir spoedwalle.

**AKSIE: JOE**

Die relings by die trappies onder in Tunastraat moet vervang word. Hettie versoek dat daar fondse beskikbaar gestel word vir die opgradering en installering van 'n reling by Lexintonlaan. Joe onderneem om dit teen volgende Woensdag af te handel.

**AKSIE: JOE**

#### **4.4 Gemeenskapsaal**

Adriaan bedank Joe vir die herstel van die lekke in die dak by die saal en vir Walter vir die hang van die horlosie. Adriaan stel voor dat 'n bedankingsbrief aan Anita en Hylie geskryf word vir hul harde werk met die skoonmaak, regpak en diens by die biblioteek. Die besoekers aan die biblioteek het aansienlik vermeerder. Hettie sal die Oesterbaaiers gereeld op Woensdae herinner aan die biblioteek.

**AKSIE: HETTIE**

Walter het die behoeftelys, wat deur Joe, Otto en Adriaan opgestel is, aan Daniel gestuur. Prioriteit word geïdentifiseer:

- Dak – R80 000 (2 seellae).
- Omheining - R50 000 (slegs materiaal).
- Geute - R11 200.
- Watertenks.
- Vensters – vervang met aluminium - R1000 elk (11 vensters aan elke kant).

Daniel verneem of daar 'n diensooreenkoms (service level agreement) in plek is en stel voor dat 'n vergadering gereël word sodat 'n gesamentlike komitee gekies kan word (2 lede van OIV komitee en 2 lede van KM). Daniel sal Frank Tamboer versoek om met verteenwoordiger van OIV te bespreek.

**AKSIE: DANIEL**

Daniel doen navraag oor die beskikbaarheid van wifi by die saal en sal die moontlikheid vir die installasie daarvan ondersoek. Die kopieermasjien wat in die saal beskikbaar was, is gesteel.

#### **4.5 Afvalstortingsterrein**

Herman Stoffberg van Living Water Ministries het genoem dat hulle graag by die "chipping" projek betrokke wil wees. Lana sal met Herman opvolg.

**AKSIE: LANA**

Fanie doen navraag oor die moontlikheid dat KM takke/tuinafval op 'n gereelde basis kan kom oplaai.

Hettie bevestig dat die vorige reëling met Swartbooi vir die verwydering van die takke baie goed gewerk het en vra dat hierdie reëling miskien meer gereeld herhaal word – inwoners is in kennis gestel van die datum en hulle kon dan die takke op hul sypaadjies gooi tot die trok dit kom oplaai. Daniel sal die versoek met Frank Tamboer bespreek wat dit dan weer met Swartbooi sal reël.

**AKSIE: DANIEL**

Frans Dorfling beskik blykbaar oor 'n geskikte masjien vir die opkap van takke en hy sal genader word om uit te vind of hy behulpsaam kan wees hiermee.

**AKSIE: LANA**

Meer skips word benodig. Vergadering moet gereel word met Christa Venter om probleme by die terrein te bespreek.

**AKSIE: LANA**

#### **4.6 Umzamowethu**

Joe spreek kommer uit oor stormwaterdreinerings en sê dat dit dringend aangespreek moet word.

Adriaan noem dat sommige van die RDP-huise in 'n baie swak toestand is. 'n Vergadering is deur Zolani gereël vir herstelwerk, maar net gesellekteerde bewoners het dit bygewoon. Volgens Daniel hang dit af of die betrokke huise privaat- of provinsiaalgebonde is. Ben Rheeder is betrokke by behuising en Daniel sal die aangeleentheid met hom bespreek en terugvoering gee.

**AKSIE: DANIEL**

#### **4.7 Wyksraadslid**

Die werksaamspreeklikheid van die wyksraadslid word bespreek. Walter bevestig dat die besware rakende die swak kommunikasie en werksaamhede van Rdl. Mayoni skriftelik aan die Munisipale Bestuurder gekommunikeer is, maar geen terugvoering is ontvang nie. Joe stel voor dat die regte persoon genader moet word en dat 'n vergadering met Zolani gereël word. Daniel bevestig dat die brief aan die speaker, Hattingh Bornman, gerig moet word. Fanie vra dat daar besin moet word oor wanneer die beste tyd vir 'n brief of vergadering sal wees – voor of na die verkiesing. Daniel stel voor dat die brief aan die speaker gerig word en dat 'n besluit oor 'n vergadering dan later geneem word.

**AKSIE: WALTER**

#### **4.8 Finansies**

Martiens gee terugvoering. Daar is R60 000 in die lopende rekening – R32 000 daarvan is donasies wat gemaak is deur donateurs vir herstelwerk aan die duine voor hul huise in Branderstraat. Totale bedrag beskikbaar is ±R70 000. Martiens het nou volle toegang tot die bankrekening.

Hettie bevestig dat die fondsinsamelingbrief aan almal wat die AJV bygewoon het gestuur is - slegs 17 eposse is gestuur aangesien 'n hele paar van die mense wat teenwoordig was reeds gereelde donateurs is. Sover het slegs een persoon reageer (R500). Hettie stel voor dat daar gewag word tot die einde van Maart om te sien of daar enige verdere reaksie is. Telefoniese opvolgwerk sal dan gedoen word. Voorstel

is dat alle opbetaalde lede dan genader word voordat die brief aan almal op die verspreidingslys gestuur word. Alle versoeke sal mettertyd deur 'n persoonlike telefoonoproep opgevolg word.

#### **4.9 Klankstelsel**

Die saak word oorgedra na volgende vergadering.

#### **4.10 Brandweer**

Daniel bevestig dat die projek tydelik gestaak is aangesien die kontrakteur nie die werk voltooi het nie. Die projek sal op 'n later stadium weer aandag geniet.

### **5 NUWE SAKE**

#### **5.1 Berig in Kouga Express en Our Times**

Walter noem dat daar groot opwinding was oor die persverklaring rakende die werk aan die duine in Branderstraat, maar dat die OIV oor die hoof gesien is en dat die feit dat die OIV die projek gedryf het, nie genoem is nie. Die gevoel is dat 'n geleentheid gemis is om aan die publiek te kommunikeer hoe goed die Oesterbaaigemeenskap, OIV komitee en munisipaliteit saamwerk.

Laura Leigh Randall behartig die media namens KM en Daniel sal die betrokke persverklaring met haar opvolg.

**AKSIE: DANIEL**

Fanie stel voor dat verteenwoordigers van beide die koerante Oesterbaai toe genooi word om 'n opvolgberig te doen.

**AKSIE: FANIE**

#### **5.2 Grondeise**

In navraag deur Walter bevestig Daniel dat 'n grondeis op 15 Februarie geregistreer is - Witbank, plaas van Rufus Dreyer - 313 hektaar.

### **6 ALGEMEEN**

Joe versoek dat die OIV betrokke moet wees by die keuse en allokering van die parkeerarea. Daniel bevestig dat publieke deelname belangrik is.

Hettie doen navraag oor die verspreiding van die notule van die AJV. Notule moet binne 'n maand na die vergadering aan komiteeledede versprei word vir insette waarna dit teen die einde Februarie op die webblad geplaas moet word. Dit sal genotuleer word dat die notule tydens die volgende AJV goedgekeur sal word.

Adriaan versoek dat daar besluit word op 'n datum vir die Kersmark.

Kersmark: 18 Desember 2019 in die saal

Pretdag: 21 Desember 2019 op die strand

Die dames van Die Windmeul het gevra vir 'n vergadering met OIV om die kersmark te bespreek. Slegs lede wat betrokke is by die kersmark sal die vergadering bywoon.

**AKSIE: HETTIE**

Martiens stel 'n dagbestuur voor wat dringende vergaderings kan hanteer. Walter bevestig dat ons nou 'n dagbestuur het: Voorsitter, Ondervoorsitter, Tesourier en Sekretaresse wat dan ander komiteelede soos nodig sal betrek.

**7 VOLGENDE VERGADERING**

Walter stel voor dat alle notules in die toekoms aan Daniel gestuur word.

**AKSIE: HETTIE**

Volgende vergadering sal in Junie 2019 plaasvind - datum sal bevestig word.

WK bedank almal vir hul teenwoordigheid en deelname en bedank Raadslid Benson vir sy hulp, ondersteuning en besoek aan Oesterbaai.

.....  
**GOEDGEKEUR**  
**VOORSITTER**

.....  
**SEKRETARESSE**

**DATUM:**.....